MACROPLAN TOWN & REGIONAL PLANNERS

• 4A MURRAY AVENUE • P.O.BOX 987 • UPINGTON • 8800 • [T] 054 332 3642 • [F] 054 332 4283 • WWW.MACROPLAN.INFO •
• CC REG. NO. 2006/017796/23 • VAT NO. 4070226610 •

# Erf 1612, Kakamas – Vergadering met Kai! Garib Munisipaliteit

## NOTULE

| NOTULE VAN VERGADERING | | |
|---|---|---|
| | DATUM: | 16 September 2014 |
| | PLEK: | Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit<br>Keimoes Kantore |
| | TYD: | 09:00 |

## PERSONE WAT VERGADERING BYGEWOON HET

| Bywoning | Hoedanigheid | E-pos |
|---|---|---|
| **Mnr M Clarke** | Tegniese Dienste – **Kai !Garib** | clarkem@kaigarib.gov.za |
| **Mnr J MacKay** | Tegniese Dienste – **Kai !Garib** | mackayj@kaigarib.gov.za |
| **Mnr V McPherson** | Stadsbeplanner - **Kai !Garib** | mcphersonv@kaigarib.gov.za |
| **Me E Myburgh** | Ingenieur - **Bvi** | erenam@bvinc.co.za |
| **Me J Longland** | Stadsbeplanner - **Macroplan** | jlongland@mweb.co.za |

| NO. | ONDERWERP | VERANTWOORDELIKHEID | DATUM |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1. | OPENING EN VERWELKOMING | | |
| | ***J. Longland:***<br>• Almal word bedank vir hul bereidwilligheid om hulself beskikbaar te stel vir vandag se vergadering. | | |
| | | | |
| 2. | PUNTE VIR BESPREKING | Macroplan | |
| | | | |
| 2.1 | AGTERGROND TOT PROJEK | | |
| | ***J. Longland:***<br>• Die aanstellings wat gemaak is, is Macroplan (stadsbeplanning), Bvi (dienste aspekte) en Frik van Schalkwyk van In-line Architects (argitektuur).<br>• Die beplande ontwikkeling sluit 'n medium digtheid residensiële (meenthuise) ontwikkeling in.<br>• Die hoeveelheid wooneenhede wat beplan word, sal nie 65 in totaal oorskry nie.<br>• Departement Waterwese en Departement Omgewingsake was op die terrein en daar is vasgestel dat 'n BA (Basic Assesment) onderneem moet word.<br>***J. MacKay:***<br>• Verwag volle samewerking en dat die hantering van hierdie aansoek glad moet verloop. | | |

| NO. | ONDERWERP | VERANTWOORDELIKHEID | DATUM |
|---|---|---|---|
| 2.2 | DOEL VAN HIERDIE VERGADERING | Macroplan | |
| | ***J. Longland:***<br>• Weens die hoë koste van 'n BA, dienste verslae en ook die aansoek om grondgebruikverandering wil die kliënte graag die munisipaliteit se gevoel rondom die onderstaande aspekte toets, alvorens verdere stappe in die proses van ontwikkeling geneem word.<br>• Die tweeledige doel van vandag se vergadering is dus as volg:<br>1. Om insette van die Munisipale Stadsbeplanning Departement te bekom, t.o.v. die stadsbeplanning aspekte rondom die beplande ontwikkeling.<br>2. Om veral uitklaring te kry aangaande die dienste aspekte en uit te vind of die beplande ontwikkeling by die munisipale netwerke kan inskakel. | | |
| | | | |
| 2.3 | STADSBEPLANNING | Bvi | |
| | ***J. Longland:***<br>• Die betrokke grondgedeelte is gesoneer as Institusionele Sone III. Die grondgedeelte word tans net gedeeltelik benut in die vorm van 'n gimnasium wat in die ou waterwese saal bedryf word.<br>• Die ROR oormerk die betrokke erf vir toekomstige institusionele gebruike.<br>• Die voorgestelde ontwikkeling sal egter goed inpas in die area, aangesien daar 'n hoofsaaklik residensiële karakter heers.<br>***V. McPherson***<br>• Dink nie daar is bekommernisse aangaande stadsbeplanning nie.<br>• Die enigste probleem wat bly te wees is stormwater kanalisering. Die uitleg sal waarskynlik aangepas moet word om die stormwater voldoende te hanteer.<br>***J. Longland:***<br>• Mnr Dirk Brand van Bvi ons vergesel tydens die terrein besoek saam met DWA en DEA. Een van sy voorstelle was dat dat die stormwater wat van onderdeur Diamantstraat die terrein bereik, moontlik in 'n pyp onderdeur die erwe gekanaliseer kan word.<br>***E. Myburgh:***<br>• 'n Volledige hidrologiese studie van die aansoekgebied sal onderneem word om die afloop volume en ook die beste oplossing vir stormwater hantering te bepaal. | | |
| | | | |
| 2.4 | DIENSTE | | |
| | ***E. Myburgh:***<br>**Water:**<br>• Is daar 'n waterlyn naby die aansoekgebied en is daar beskikbare kapasiteit.<br>***M. Clarke:***<br>• Die reservoir is reg langs die aansoekgebied geleë en daar is beskikbare kapasiteit. Die ontwikkeling sal hierby kan inskakel.<br>***E. Myburgh:***<br>• Word daar tans enige probleme met waterdruk in die omgewing ondervind, wat moontlik deur die aansluiting van die beplande ontwikkeling vererger kan word?<br>***M. Clarke:***<br>• Daar was op 'n stadium probleme met druk, maar die watersuiweringswerke is o.g.v. 2 jaar terug opgegradeer en | | |

| NO. | ONDERWERP | VERANTWOORDELIKHEID | DATUM |
|---|---|---|---|
| | tot op hede is geen verdere probleme in die verband ervaar nie.<br><br>**Elektrisiteit**<br>***M. Clarke:***<br>• Daar is tans net 'n klein mini-sub ten suide van die aansoekgebied geleë wat reeds 65%-75% belas is.<br>• Die ontwikkelaars sal 'n mini-sub vir die doeleindes van die moet installeer?<br>• Die lê van die kabel en inskakeling by die netwerk sal nie 'n probleem wees nie.<br>• Die lê van die kabel en mini-sub sal egter vir die koste van die ontwikkelaar wees.<br><br>**Riool**<br>***E. Myburgh:***<br>• Sover ons verstaan is daar tans 'n suigput stelsel in plek in die area direk omringend tot die aansoekgebied.<br>• Is daar moontlik 'n netwerklyn naby, waarby die ontwikkeling kan inskakel?<br><br>***M. Clarke:***<br>• Riool is tans 'n groot probleem in Kakamas.<br>• Die naaste aansluiting by die netwerk is by die koshuis (tans deur polisie gebruik).<br>• Die koshuis is ongeveer 0.75km vanaf die aansoekgebied geleë.<br>• Indien die ontwikkelaar hierby wil inskakel sal hy die koste van die aansluiting daarby moet dra.<br>• Voorstel: kyk dalk na 'n kleinboorstelsel. So 'n stelsel hoef net elke ses maande gesuig te word.<br><br>***E. Myburgh:***<br>• Indien die riool op die aansoekgebied hanteer word, sal dit deel vorm van die gelyste aktiwiteite van die BA. | | |
| | | | |
| 3. | BEVESTIGING | | |
| | ***J. Longland:***<br>• Voordat die vergadering gesluit word wil ons net graag weer bevestig dat indien die dienste aspekte uitgesorteer kan word, soos bespreek, die ontwikkelaar by die munisipale netwerke kan inskakel.<br><br>***M. Clarke:***<br>• Dit is korrek.<br><br>***J. Longland:***<br>Verder wil ons dan net vra of dit aanvaarbaar sal wees indien ons vandag se notule tik en handtekeninge van Menere Clarke en MacKay daaronder aanbring?<br><br>***M. Clarke & J. MacKay:***<br>• Aanvaar | | |
| | | | |
| 4. | VERGADERING SLUIT | | |

**Mnr M Clarke**
*Tegniese Dienste*

**Mnr J MacKay**
*Tegniese Dienste*